Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Hoofdirektoraat: Inklusiewe Onderwys
en Spesiale Programme

Verwysing: 20161115-6122
12/5/8/B
Navrae: SM Naicker

Inklusiewe Onderwys en Spesiale Programme Minuut: 0001/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunk-direkteurs (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Hoofde: Leerondersteuning, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, Leerondersteuningsadviseurs en Prinsipale van gewone openbare skole, onafhanklike skole en spesiale openbare skole

Onderwerp: Die hantering van allergieë in skole

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement ondersteun die *Allergy Foundation of South Africa's Allergy in Schools-beleid. Hierdie beleid is daarop gemik om die impak van lewensgevaarlike chroniese siektetoestande op kinders se geleerdheid te verminder en die veiligheid van skoolgaande kinders met ernstige allergieë te verseker.* Die basiese beginsels van die beleid sluit in om te verseker dat:

   a) 'n Aksiekomitee vir Allergieë (of 'n Aksiekomitee vir Chroniese Siektetoestande) by elke skool gevestig word;
   b) elke leerder wat aan 'n allergie ly, geïdentifiseer word en in besit is van 'n chroniese-behandelingsplan asook 'n noodbehandelingsplan, wat deur hul dokter onderteken is en 'n foto-identifikasie (ID) van die leerder insluit.
   c) stappe gedoen word om die blootstelling aan geïdentifiseerde allergene te verminder vir diegene wat aan ernstige allergieë ly;
   d) noodmedikasie ten alle tye beskikbaar en toeganklik is; en
   e) personeel aanlyn in die identifisering en behandeling van ernstige allergiese reaksies opgelei word.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
tel: +27 21 467 2000 fax: +27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

2. **Inleiding**

2.1 Die reg tot onderwys is absoluut en moet deur alle leerders geniet word. Nou verbonde aan die reg tot onderwys, is die reg op 'n veilige leeromgewing, die reg op waardigheid, die reg op lewe en die reg op toegang tot gesondheidsdienste.

2.2 Lewensgevaarlike chroniese siektetoestande soos asma, diabetes en allergieë bied 'n uitdaging aan skole en die onderwysstelsel. 'n Omvattende en gekoördineerde benadering, waartoe deur skole, families en gesondheidsvoorsieners ingestem is, word vereis om hierdie toestande in skole aan te pak.

2.3 Hierdie minuut fokus op allergieë in skole. Nietemin is baie van die aanbevelings ook op lewensgevaarlike chroniese siektetoestande van toepassing.

2.4 Allergiese toestande beïnvloed ongeveer 25% van alle skoolgaande kinders. Allergieë dra by tot 'n groot gesondheidslas wat tot 'n onvermoë om te leer, afwesigheid asook die behoefte aan noodsorg kan lei. Algemene allergieë sluit in allergiese asma, allergiese rinitis, ekseem, insekallergieë en voedselallergieë. Blootstelling aan 'n allergeen kan lei tot anafilaksie. Anafilaksie is "'n ernstige, lewensgevaarlike allergiese reaksie wat vinnig ontstaan, onmiddellike mediese aandag vereis en tot die dood kan lei".

3. **Die bestuur van allergieë in skole**

Die bestuur van allergieë in skole moet daarop toegespits wees om blootstelling aan allergene te vermy en vir allergieverwante noodgevalle voor te berei. Strategieë rakende die vermyding van en voorbereiding vir noodgevalle moet toepaslik wees tot verskeie instellings (klaskamer, snoepwinkel, speelgronde, ens.) en verskeie versorgers (opvoeder, sportafrigter, skoolverpleegster, ens.). Hierdie strategieë noodsaak weldeurdagte en deurwerkte riglyne.

4. **Toegang tot sorg: Chroniese-behandelingsplanne**

4.1 Skole moet hul beleide bywerk sodat inligting gereeld ingesluit word ten opsigte van allergieë en ander chroniese gesondheidstoestande van leerders wat tans ingeskryf is asook toekomstige aansoekers, onderhewig aan die wette op privaatheid, waar van toepassing. Toegang tot daaglikse medikasie in skole vir leerders is noodsaaklik om die optimale beheer van allergieë te verseker wat morbiedheid, leerhindernisse en afwesigheid verminder. By skole moet elke leerder, wat aan 'n chroniese siektetoestand en/of 'n allergie ly, in besit wees van 'n chroniese-behandelingsplan wat deur hul dokter onderteken is. Die plan moet foto-identifikasie (ID) van die leerder insluit en jaarliks bygewerk word.

4.2 Toepassing by skole

4.2.1 Elke skool moet minstens drie personeellede aanwys om 'n Aksiekomitee vir Allergieë (of 'n Aksiekomitee vir Chroniese Siektetoestande) te stig. Hierdie komitee moet 'n beter begrip van allergiese siektetoestande opdoen en die skool se ondersteuning van allergielyers beklemtoon.

4.2.2 Doen jaarliks oor allergieë by elke leerder navraag op die registrasievorm nadat die leerder aanvaar is.

4.2.3 Elke leerder wat affekteer word, moet 'n chroniese-behandelingsplan hê wat deur hul dokter onderteken is, en 'n foto-identifikasie van die leerder insluit.

4.2.4 Die chroniese-behandelingsplan moet deur die ouers/wettige voogde onderteken word en stipuleer watter medikasie die skoolpersoneel gemagtig is om toe te dien en wanneer dit toegedien moet word.

4.2.5 Met ontvangs van die chroniese-behandelingsplan, moet die opvoeder en die komitee vergader om die plan te hersien.

4.2.6 Klasspesifieke rekords moet gehou word van leerders met ernstige allergieë en asma, asook waarvoor hul allergies is en moet vir die opvoeder toeganklik wees.

4.2.7 Skole moet rekords hou van alle medikasie wat toegedien word.

5. **Toegang tot sorg: Noodbehandelingsplanne**

5.1 Toegang tot die noodbehandeling van ernstige allergiese reaksies is noodsaaklik om 'n veilige leeromgewing te verseker. Die *Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet 101 van 1965),* vereis dat medikasie, wat aan die ouers/wettige voogde uitgegee kan word, aan die genoemde pasiënt (skedule 3 en hoër) voorgeskryf word. Die ouers/wettige voogde kan dan die skool opdrag gee om sodanige medikasie toe te dien, wanneer nodig.

5.2 Ouers/wettige voogde moet 'n vrywaringsvorm teken ten opsigte van die newe-effekte wat deur medikasie veroorsaak word indien toegedien in gevalle waar die behoefte daaraan vermoed word. Opvoeders of die komitee moet voldoende opleiding ontvang en onderneem om die medikasie toe te dien deur die voorgeskrewe prosedure te volg.

5.3 Toepassing by skole

5.3.1 Elke geaffekteerde leerder moet 'n amptelike noodbehandelingsplan vir allergieë (www.allergyfoundation.co.za) hê wat deur hul dokter onderteken is, en 'n foto-identifikasie (ID) van die leerder insluit.

5.3.2 Spesifieke opvoeders/personeellede (minstens drie) moet as respondente aangewys word. Hierdie personeellede moet die kern van die komitee by die skool vorm.

5.3.3 Diegene wat die risiko loop om ernstige reaksies te ervaar, asook hul vriende, moet geleer word om sodanige reaksie by die naaste beskikbare opvoeder of volwassene aan te meld. Alle volwassenes by die skool moet oor die identiteit van sodanige respondente ingelig word en hoe om hulle op te spoor.

5.3.4 Noodmedikasie moet in 'n aangewese plek onder die regte toestande gestoor word en moet ten alle tye toeganklik wees. Hierdie medikasie moet verkieslik nie toegesluit wees nie, maar wel buite die bereik van jong leerders wees. Gestoorde medikasie moet op reëlmatige tydstippe deur die komitee (of 'n afgevaardigde) ondersoek word om die vervaldatums na te gaan waarna die ouers/wettige voogde in kennis gestel moet word om dit aan te vul met medikasie wat nog nie die vervaldatum bereik het nie.

5.3.5 Vir aktiwiteite buite die skoolterrein moet 'n opvoeder/volwassene, wat vir 'n leerder met ernstige allergieë verantwoordelik is, die noodhulpkissie saamneem. Hierdie opvoeder/volwassene moet opgelei wees om die medikasie toe te dien, indien nodig.

5.3.6 Die noodbehandelingsplan moet deur die ouers/wettige voogde onderteken word en moet stipuleer watter medikasie die skoolpersoneel gemagtig is om toe te dien en wanneer dit toegedien moet word.

5.3.7 Die noodbehandelingsplan moet melding maak van die leerder se toestemming om voorgeskrewe medikasie saam te dra en self toe te dien waar dit strook met die leerder se ontwikkelingsfase.

5.3.8 Skole moet 'n rekord hou van alle medikasie wat in 'n noodgeval toegedien is, die ouers/wettige voogde onmiddellik in kennis stel en die omstandighede van die voorval aanteken.

5.3.9 In die geval van 'n anafilaktiese reaksie, moet 'n personeellid of die komiteelid adrenalien via 'n outomatiese-inspuitingstoestel toedien. Die leerder moet dan deur nooddienste na die naaste hospitaal vervoer word.

6. **Veiligheidstrategieë met betrekking tot allergene**

6.1 Die vermyding van allergene is die kern tot die voorkoming van lewensgevaarlike allergiese reaksies. Die risiko van anafilaksie word verminder wanneer vermydingstrategieë toegepas word. Strategieë om die risiko vir leerders met voedsel- en insekallergieë te verminder, word hieronder aanbeveel.

6.2 Toepassing by skole

6.2.1 Verkry die ondersteuning van medeleerders, hul gesinne en die skoolpersoneel om die teenwoordigheid van gespesifiseerde voedselallergene (gewoonlik grondboontjies, neute vanaf bome en sesamsaad) op die skoolterrein, snoepwinkels en by naskoolse aktiwiteite, partytjies en sportgeleenthede te beperk of uit te sluit.

6.2.2 Vermy die gebruik van algemene voedselallergene in klaskamerprojekte/-aktiwiteite as beloning of aansporing, tydens skoolaktiwiteite, partytjies of vieringe.

6.2.3 Verseker dat leerders met ernstige voedselallergieë in 'n veilige omgewing kan eet. Opsies sluit in:

a) om leerders (veral by jong leerders) te ontmoedig om kos te deel;
b) om 'n gespesifiseerde allergeenvrye omgewing te vestig vir diegene met ernstige of veelvoudige allergieë, sodanige omgewing moet gereeld onderhou en skoongemaak word; en
c) om alle leerders aan te moedig om hul hande deeglik voor en ná voedselinname te was.

6.3 Doen die nodige stappe om insekste te vermy om te verseker dat leerders, wat allergies is vir geïdentifiseerde asook ongeïdentifiseerde insekgif, beskerm word.

6.4 Allergieverwante tergery of afknouery moet, met die toepassing van die skool se beleide teen afknouery, met erns hanteer word.

7. **Opleiding**

7.1 Skole moet alle opvoeders aanmoedig om opleiding in allergiebewusmaking te ondergaan (Module: *Food allergy for your school community,* aanlyn beskikbaar via www.allergyfoundation.co.za met 'n sertifikaat wat verkry word na die voltooiing van 'n vasvra-toets). Komiteelede en opvoeders van leerders met ernstige allergieë moet opleiding in allergiebewustheid, -voorkoming en -respons voltooi *(Module: Management of food allergy in schools, production in progress) en van die jaarlikse voltooiing van sodanige opleiding rekord hou.*

7.2 Skole moet verseker dat opvoeders, sportafrigters, sekretaresse, snoepwinkel-/maaltydpersoneel, bestuurders en ander personeellede in allergie-bewusmaking by skole opgelei is.

7.3 Die lede van die komitee en opvoeder(s) van leerders met ernstige allergieë moet op 'n deurlopende basis ondersteun word en moet tyd gegun word om opleiding in allergeenvermydingmaatreëls, die herkenning van ernstige reaksies en die implementering van noodbestuursplanne te kry.

7.4 Skole moet opvoeders, snoepwinkel-/maaltydpersoneel en ander personeel oplei in die basiese hantering en reiniging van voedsel om kruisbesmetting vanaf hande, oppervlaktes en eetgerei te vermy indien voedsel wat 'n geïdentifiseerde allergene bevat, voorberei en/of in die klaskamer bedien word.

7.5 Skole moet gereeld noodoefeninge uitvoer om vas te stel of personeel ernstige allergiese reaksies kan identifiseer en hul rol in noodprotokol ken. Die noodoefening moet bepaal of medikasie toeganklik is en of hierdie medikasie toepaslik en betyds toegedien kan word.

7.6 Opvoeding vir leerders ten opsigte van allergieë kan in die skoolkurrikulum opgeneem word, byvoorbeeld in gesondheidswetenskappe of lewensvaardigheidsprogramme.

8. Die voorsiening van 'n veilige skoolomgewing vir leerders met lewensgevaarlike allergieë is noodsaaklik om hul in staat te stel om hul volle potensiaal in 'n gesonde en veilige leeromgewing te bereik.

9. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut aan alle betrokkenes te kommunikeer.

GETEKEN: TS MATSELISO
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2017-02-06